# REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

**Price 20c Prys**
**Overseas 30c Oorsee**
**POST FREE—POSVRY**

VOL. 155] CAPE TOWN, 17 MAY 1978 KAAPSTAD, 17 MEI 1978 [No. 6012


DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 956. 17 May 1978.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 57 of 1978: Patents Act, 1978.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 956. 17 Mei 1978.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 57 van 1978: Wet op Patente, 1978.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# WET

**Om voorsiening te maak vir die registrasie en verlening van patentbriewe vir uitvindings en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 26 April 1978.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

INLEIDENDE BEPALINGS

Indeling van Wet in Hoofstukke.

**1.** Hierdie Wet word ingedeel in 16 Hoofstukke wat onderskeidelik op die volgende onderwerpe betrekking het:—

| | | |
|---|---|---|
| HOOFSTUK | I | Uitvoering (artikels 5 tot 9). |
| HOOFSTUK | II | Die Register van Patente en die Patentjoernaal (artikels 10 tot 14). |
| HOOFSTUK | III | Bevoegdhede en Pligte van Registrateur en Kommissaris (artikels 15 tot 19). |
| HOOFSTUK | IV | Patentagente en Patentprokureurs (artikels 20 tot 24). |
| HOOFSTUK | V | Aansoeke om Patente (artikels 25 tot 43). |
| HOOFSTUK | VI | Verlening, Duur en Uitwerking van Patente (artikels 44 tot 49). |
| HOOFSTUK | VII | Verbeterings en Wysigings (artikels 50 tot 52). |
| HOOFSTUK | VIII | Lisensies (artikels 53 tot 58). |
| HOOFSTUK | IX | Oordrag, Beslaglegging op en Verhipotekering van Patente en Aansoeke om Patente (artikels 59 en 60). |
| HOOFSTUK | X | Intrekking van Patente (artikels 61 tot 64). |
| HOOFSTUK | XI | Inbreuk (artikels 65 tot 71). |
| HOOFSTUK | XII | Bewyslewering (artikels 72 tot 74). |
| HOOFSTUK | XIII | Appèlle na Kommissaris en die Hof (artikels 75 tot 77). |
| HOOFSTUK | XIV | Verkryging van Regte op Uitvindings en Patente deur die Staat (artikels 78 tot 80). |
| HOOFSTUK | XV | Misdrywe en Strawwe (artikels 81 tot 85). |
| HOOFSTUK | XVI | Gemengde Bepalings (artikels 86 tot 96). |

Woordomskrywing.

**2.** Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) ,,aansoeker'' ook die regsverteenwoordiger van 'n oorlede aansoeker of van 'n aansoeker wat 'n handelingsonbevoegde persoon is; (ii)

(ii) ,, aansoek in 'n konvensieland''—

*(a)* 'n aansoek om 'n patent wat in 'n konvensieland ingedien is;

*(b)* 'n aansoek om 'n utiliteitsmodel wat in 'n konvensieland ingedien is; of

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

| | |
|---|---|
| **[ ]** | Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments. |
| ______ | Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments. |

# ACT

**To provide for the registration and granting of letters patent for inventions and for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 26 April 1978.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

## INTRODUCTORY

Division of Act into Chapters.

**1.** This Act is divided into 16 Chapters which relate to the following matters respectively:—

| | | |
|---|---|---|
| CHAPTER | I | Administration (sections 5 to 9). |
| CHAPTER | II | The Register of Patents and the Patent Journal (sections 10 to 14). |
| CHAPTER | III | Powers and Duties of Registrar and Commissioner (sections 15 to 19). |
| CHAPTER | IV | Patent Agents and Patent Attorneys (sections 20 to 24). |
| CHAPTER | V | Applications for Patents (sections 25 to 43). |
| CHAPTER | VI | Grant, Duration and Effect of Patents (sections 44 to 49). |
| CHAPTER | VII | Corrections and Amendments (sections 50 to 52). |
| CHAPTER | VIII | Licences (sections 53 to 58). |
| CHAPTER | IX | Assignment, Attachment and Hypothecation of Patents and Applications for Patents (sections 59 and 60). |
| CHAPTER | X | Revocation of Patents (sections 61 to 64). |
| CHAPTER | XI | Infringement (sections 65 to 71). |
| CHAPTER | XII | Evidence (sections 72 to 74). |
| CHAPTER | XIII | Appeals to Commissioner and the Court (sections 75 to 77). |
| CHAPTER | XIV | Acquisition of Rights to Inventions and Patents by the State (sections 78 to 80). |
| CHAPTER | XV | Offences and Penalties (sections 81 to 85). |
| CHAPTER | XVI | Miscellaneous (sections 86 to 96). |

Definitions.

**2.** In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "agent" means, except in section 56 (2) *(e)*, a patent agent or a patent attorney mentioned in section 20 or an attorney mentioned in section 22; (iii)

(ii) "applicant" includes the legal representative of a deceased applicant or of an applicant who is a person under legal disability; (i)

(iii) "application in a convention country" means—

*(a)* any application for a patent lodged in a convention country;

*(b)* any application for a utility model lodged in a convention country; or

*(c)* 'n aansoek om 'n uitvindersertifikaat in 'n konvensieland ingedien waarin aansoekers die reg het om na die keuse òf om 'n patent òf om 'n uitvindersertifikaat aansoek te doen; (iii)

(iii) ,,agent'', behalwe in artikel 56 (2) *(e)*, 'n patentagent of 'n patentprokureur in artikel 20 vermeld of 'n prokureur in artikel 22 vermeld; (i)

(iv) ,,datum van aansoek'', met betrekking tot 'n aansoek om 'n patent, die datum in artikel 30 (5) bedoel; (viii)

(v) ,,die herroepe wet'' die Wet op Patente, 1952 (Wet No. 37 van 1952); (xxiii)

(vi) ,,gepatenteerde artikel'' 'n artikel ten opsigte waarvan 'n patent verleen is en op die betrokke tydstip geldig is; (xiv)

(vii) ,,hierdie Wet'' ook die regulasies; (xxiv)

(viii) ,,hof'', met betrekking tot 'n aangeleentheid, die afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika wat ten opsigte van daardie aangeleentheid regsbevoegdheid het; (vii)

(ix) ,,joernaal'' die patentjoernaal wat ingevolge artikel 14 gepubliseer moet word; (x)

(x) ,,kommissaris'' 'n kommissaris van patente wat ingevolge artikel 8 aangewys is; (iv)

(xi) ,,konvensie-aansoek'' 'n aansoek om 'n patent wat in die Republiek gedoen is en wat van 'n tersaaklike aansoek in 'n konvensieland op voorkeur aanspraak maak; (v)

(xii) ,,konvensieland'', met betrekking tot enige bepaling van hierdie Wet, 'n land, met inbegrip van 'n kolonie, protektoraat of gebied onder die gesag of susereiniteit van 'n ander land, of 'n gebied waaroor 'n mandaat- of kuratorskap uitgeoefen word, wat lid is van 'n konvensie by die toepassing van daardie bepaling en waarby die Republiek 'n party is en wat die registrateur in die joernaal bekendgemaak het, of 'n land, met inbegrip van 'n kolonie, protektoraat of gebied onder die gesag of susereiniteit van 'n ander land, of 'n gebied waaroor 'n mandaat- of kuratorskap uitgeoefen word, wat die Staatspresident met die oog op die nakoming van 'n verdrag, skikking of verpligting waarby die Republiek 'n party is, by die toepassing van daardie bepaling by proklamasie in die *Staatskoerant* tot 'n konvensieland verklaar het; en het die uitdrukkings ,,konvensielandvoertuig'', ,,konvensievaartuig'' en ,,konvensievliegtuig'' ooreenstemmende betekenisse; (vi)

(xiii) ,,Minister'' die Minister van Ekonomiese Sake; (xii)

(xiv) ,,patent'' patentbriewe vir 'n uitvinding in die Republiek verleen; (xiii)

(xv) ,,patenthouer'' die persoon wie se naam op die betrokke tydstip in die register ingeskryf staan as die naam van die persoon aan wie 'n patent verleen is of van die eienaar daarvan; (xv)

(xvi) ,,patentkantoor'' die patentkantoor wat ingevolge artikel 5 ingestel is; (xvi)

(xvii) ,,prokureursorde'' 'n prokureursorde bedoel in artikel 2 van die Wet op Prokureursordes, 1975 (Wet No. 41 van 1975), behalwe Die Prokureursorde van Suidwes-Afrika; (xi)

(xviii) ,,register'' die register van patente wat ingevolge artikel 10 in die patentkantoor gehou moet word; (xix)

(xix) ,,registrateur'' die registrateur van patente wat ingevolge artikel 7 aangestel is; (xx)

(xx) ,,regulasie'' 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (xxi)

(xxi) ,,spesifikasie'' 'n voorlopige of volledige spesifikasie, na vereiste van omstandighede, in artikel 32 (1) vermeld; (xxii)

(xxii) ,,uitvinding'' 'n uitvinding waarvoor 'n patent kragtens artikel 25 verleen kan word; (ix)

(xxiii) ,,voorgeskryf'' by regulasie voorgeskryf; (xvii)

(*c*) any application for an inventor's certificate lodged in a convention country in which applicants have the right to apply, at their option, either for a patent or for an inventor's certificate in respect of the invention in question; (ii)

(iv) "commissioner" means a commissioner of patents designated in terms of section 8; (x)

(v) "convention application" means an application for a patent made in the Republic which claims priority from a relevant application in a convention country; (xi)

(vi) "convention country", in relation to any provision of this Act, means a country, including any colony, protectorate or territory subject to the authority or under the suzerainty of another country, or any territory over which a mandate or trusteeship is exercised, which is a member of a convention for the purpose of such provision and to which the Republic is a party and which the registrar has advertised in the journal, or any country, including any colony, protectorate or territory subject to the authority or under the suzerainty of any other country, or any territory over which a mandate or trusteeship is exercised, which the State President has with a view to the fulfilment of any treaty, arrangement or engagement to which the Republic is a party, by proclamation in the *Gazette* declared to be a convention country for the purpose of such provision; and the expressions "convention aircraft", "convention land vehicle" and "convention vessel" have corresponding meanings; (xii)

(vii) "court", in relation to any matter, means the division of the Supreme Court of South Africa having jurisdiction in respect of that matter; (viii)

(viii) "date of application", in relation to an application for a patent, means the date referred to in section 30 (5); (iv)

(ix) "invention" means an invention for which a patent may be granted under section 25; (xxii)

(x) "journal" means the patent journal to be published in terms of section 14; (ix)

(xi) "law society" means a law society referred to in section 2 of the Law Societies' Act, 1975 (Act No. 41 of 1975), except The Law Society of South West Africa; (xvii)

(xii) "Minister" means the Minister of Economic Affairs; (xiii)

(xiii) "patent" means letters patent for an invention granted in the Republic; (xiv)

(xiv) "patented article" means any article in respect of which a patent has been granted and is for the time being in force; (vi)

(xv) "patentee" means the person whose name is for the time being entered in the register as the name of the grantee or proprietor of a patent; (xv)

(xvi) "patent office" means the patent office established in terms of section 5; (xvi)

(xvii) "prescribed" means prescribed by regulation; (xxiii)

(xviii) "priority date", in relation to any claim of a complete specification accompanying an application for a patent, means the date specified in section 33 as the date from which such claim shall have effect; (xxiv)

(xix) "register" means the register to be kept at the patent office in terms of section 10; (xviii)

(xx) "registrar" means the registrar of patents appointed in terms of section 7; (xix)

(xxi) "regulation" means any regulation made under this Act; (xx)

(xxii) "specification" means a provisional or a complete specification, as the circumstances may require, mentioned in section 32 (1); (xxi)

(xxiv) „voorkeurdatum'', met betrekking tot 'n aanspraak in 'n volledige spesifikasie wat 'n aansoek om 'n patent vergesel, die datum in artikel 33 bepaal as die datum waarvan die aanspraak geld. (xviii)

Toepassing van Wet.

**3.** (1) Die bepalings van hierdie Wet is van toepassing ten opsigte van alle patente, hetsy voor of na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet verleen: Met dien verstande dat 'n patent wat verleen word op 'n aansoek wat voor daardie inwerkingtreding gedoen is—

*(a)* nie ingetrek word nie behalwe op die een of ander grond waarop dit ingevolge die herroepe wet ingetrek sou kon word;
*(b)* aan die bepalings van artikel 39 van die herroepe wet onderworpe is;
*(c)* verstryk, tensy dit ingevolge paragraaf *(a)* ingetrek word, op die datum waarop dit ingevolge die herroepe wet sou verstryk het as dié wet nie herroep was nie; en
*(d)* aan die bepalings van artikel 39 van die herroepe wet onderworpe is.

(2) Met alle aansoeke en verrigtinge wat kragtens die herroepe wet begin is, word ooreenkomstig die bepalings van daardie wet gehandel.

Staat deur patent gebind.

**4.** 'n Patent geld in alle opsigte op dieselfde wyse teenoor die Staat as wat dit teenoor 'n persoon geld: Met dien verstande dat 'n Staatsminister 'n uitvinding vir openbare doeleindes kan aanwend op voorwaardes waaroor met die patenthouer ooreengekom word of wat by ontstentenis van ooreenkoms op aansoek deur of namens daardie Minister en nadat die patenthouer aangehoor is, deur die kommissaris bepaal word.

## HOOFSTUK I

### UITVOERING

Instelling van patentkantoor.

**5.** (1) Daar word in Pretoria 'n kantoor ingestel wat die patentkantoor heet.

(2) Die patentkantoor wat ingevolge artikel 3 (1) van die herroepe wet ingestel is, word geag ingevolge hierdie artikel ingestel te wees.

Seël van patentkantoor.

**6.** Die patentkantoor moet 'n seël hê, en van die afdruk van die seël word geregtelike kennis geneem.

Registrateur van patente.

**7.** (1) Die Minister stel, met inagneming van die wette tot reëling van die staatsdiens, 'n registrateur van patente aan wat die bevoegdhede uitoefen en die pligte verrig wat by hierdie Wet aan die registrateur verleen en hom opgelê word en wat, behoudens die voorskrifte van die Minister, die hoofbeheer oor die patentkantoor het.

(2) Die registrateur van patente wat ingevolge artikel 5 (1) *(a)* van die herroepe wet aangestel is, word geag ingevolge hierdie artikel as registrateur van patente aangestel te wees.

(3) Enige bevoegdheid aan die registrateur verleen of enige plig hom opgelê by hierdie Wet kan uitgeoefen of verrig word deur die registrateur self of 'n beampte in die staatsdiens wat in opdrag of onder beheer of op las van die registrateur optree.

Aanwysing van kommissaris van patente.

**8.** Van tyd tot tyd wys die Regter-president van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika een of meer regters of waarnemende regters van daardie Afdeling aan as kommissaris of kommissarisse van patente om die bevoegdhede uit te oefen en die pligte te verrig wat by hierdie Wet aan die kommissaris verleen of hom opgelê word.

Slegs agente kan in verband met aangeleenthede ingevolge hierdie Wet optree.

**9.** Behoudens die bepalings van artikels 19 (3) en 22—

*(a)* kan 'n party by 'n aangeleentheid of verrigtinge ingevolge hierdie Wet, behalwe 'n geding in 'n afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, aldaar ver-

(xxiii) "the repealed law" means the Patents Act, 1952 (Act No. 37 of 1952); (v)

(xxiv) "this Act" includes the regulations. (vii)

Application of Act.

**3.** (1) The provisions of this Act shall apply in respect of all patents, whether granted before or after the date of commencement of this Act: Provided that a patent granted on an application made before such commencement shall—

*(a)* not be revoked except upon any ground on which it could have been revoked in terms of the repealed law;

*(b)* not be subject to the provisions of section 44 (4) of this Act;

*(c)* unless it is revoked in terms of paragraph *(a)*, expire on the date on which it would in terms of the repealed law have expired if that law had not been repealed; and

*(d)* be subject to the provisions of section 39 of the repealed law.

(2) All applications and proceedings commenced under the repealed law shall be dealt with in accordance with the provisions of that law.

State bound by patent.

**4.** A patent shall in all respects have the like effect against the State as it has against a person: Provided that a Minister of State may use an invention for public purposes on such conditions as may be agreed upon with the patentee, or in default of agreement on such conditions as are determined by the commissioner on application by or on behalf of such Minister and after hearing the patentee.

## CHAPTER I

### Administration

Establishment of patent office.

**5.** (1) There shall be established in Pretoria an office to be called the patent office.

(2) The patent office established in terms of section 3 (1) of the repealed law shall be deemed to have been established in terms of this section.

Seal of patent office.

**6.** There shall be a seal of the patent office and the impression of the seal shall be judicially noticed.

Registrar of patents.

**7.** (1) The Minister shall, subject to the laws governing the public service, appoint a registrar of patents who shall exercise the powers and perform the duties conferred or imposed upon the registrar by this Act and who shall, subject to the directions of the Minister, have the chief control of the patent office.

(2) The registrar of patents appointed in terms of section 5 (1) *(a)* of the repealed law shall be deemed to have been appointed registrar of patents in terms of this section.

(3) Any power conferred or duty imposed on the registrar by this Act may be exercised or performed by the registrar personally or by an officer in the public service acting under a delegation from or under the control or direction of the registrar.

Designation of commissioner of patents.

**8.** The Judge President of the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa shall from time to time designate one or more judges or acting judges of that Division as commissioner or commissioners of patents to exercise the powers and perform the duties conferred or imposed upon the commissioner by this Act.

Agents only to act in matters in terms of this Act.

**9.** Subject to the provisions of sections 19 (3) and 22—

*(a)* a party to any matter or proceedings in terms of this Act, other than proceedings in any division of the Supreme Court of South Africa, may be represented therein only

teenwoordig word slegs deur 'n agent, en in die geval van 'n geding in 'n provinsiale afdeling of die Appèlafdeling van die Hooggeregshof, moet hy die gewone prosedure wat op die geding van toepassing is, nakom; en

*(b)* word 'n volledige spesifikasie nie ingevolge artikel 34 aangeneem nie en 'n aansoek om 'n wysiging van 'n volledige spesifikasie word nie toegestaan nie, tensy dit deur 'n agent onderteken is.

## HOOFSTUK II

### DIE REGISTER VAN PATENTE EN DIE PATENTJOERNAAL

Register van patente.

**10.** (1) Daar word in die patentkantoor 'n register gehou waarin—

*(a)* die name en adresse van aansoekers om patente en persone aan wie patente verleen is en van die uitvinders van die tersaaklike uitvindings, en die klassifikasie van die patente ooreenkomstig onderwerp; en

*(b)* die ander besonderhede wat voorgeskryf word,

ingeskryf word.

(2) Afskrifte van alle aktes, ooreenkomste, lisensies en ander stukke rakende 'n patent of aansoek om 'n patent, wat in die register aangeteken moet word, moet op die voorgeskrewe wyse aan die registrateur verstrek word om in die patentkantoor geliasseer te word.

(3) Die registrateur hou by die patentkantoor die inhoudsopgawes wat voorgeskryf is in stand met betrekking tot die besonderhede wat ingevolge subartikel (1) in die register ingeskryf is.

(4) Die register gehou ingevolge artikel 6 (1) van die herroepe wet, word ingelyf by en maak deel uit van die register wat ingevolge hierdie artikel gehou moet word, en alle afskrifte van aktes, ooreenkomste, lisensies en ander stukke wat ingevolge artikel 6 (2) van die herroepe wet aan die registrateur van patente verstrek is, word geag ingevolge subartikel (2) van hierdie artikel aan die registrateur verstrek te gewees het.

Trusts nie registreerbaar nie.

**11.** Geen kennisgewing van 'n trust, hetsy uitdruklik, stilswyend of afgelei, word in die register aangeteken of deur die registrateur ontvang nie.

Insae in register.

**12.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, is die register of enige stuk by die patentkantoor ingedien, teen betaling van die voorgeskrewe gelde gedurende die voorgeskrewe ure vir insae deur die publiek beskikbaar.

(2) Die reg van insae by subartikel (1) verleen, sluit nie die reg in om met meganiese middels afskrifte van die register of 'n stuk in daardie subartikel bedoel, te maak of uittreksels daaruit te neem nie: Met dien verstande dat die registrateur, waar afskrifte van enige stuk wat ingevolge artikel 13 vereis word, weens omstandighede buite sy beheer nie sonder buitensporige vertraging verstrek kan word nie, enigiemand kan toelaat om sodanige afskrifte met meganiese middels te maak.

Registrateur moet op versoek inligting uit register verstrek.

**13.** Die registrateur verstrek op versoek van enigiemand en by betaling van die voorgeskrewe gelde, afskrifte van stukke wat by die patentkantoor ingedien is en wat vir insae deur die publiek beskikbaar is, of besonderhede uit die register, of 'n sertifikaat ten opsigte daarvan.

Patentjoernaal.

**14.** Die registrateur moet reëlings tref vir die periodieke publikasie van 'n patentjoernaal wat die besonderhede aangaande die inhoud van alle volledige spesifikasies wat aangeneem is, wat

by an agent and, in the case of proceedings in a provincial division or the Appellate Division of the Supreme Court, shall observe the ordinary procedure applicable to such proceedings; and

(*b*) no complete specification shall be accepted in terms of section 34 and no application for an amendment of a complete specification shall be allowed unless it has been signed by an agent.

## CHAPTER II

## THE REGISTER OF PATENTS AND THE PATENT JOURNAL

Register of patents.

**10.** (1) There shall be kept at the patent office a register in which shall be entered—

(*a*) the names and addresses of applicants for and grantees of patents and of the inventors of the relevant inventions and the classification of such patents according to subject-matter; and

(*b*) such other particulars as may be prescribed.

(2) Copies of all deeds, agreements, licences and other documents affecting any patent or application for a patent, which are required to be recorded in the register, shall be supplied to the registrar in the prescribed manner for filing in the patent office.

(3) The registrar shall maintain at the patent office such indices in relation to particulars entered in the register in terms of subsection (1) as may be prescribed.

(4) The register kept in terms of section 6 (1) of the repealed law shall be incorporated with and form part of the register to be kept under this section, and all copies of deeds, agreements, licences and other documents supplied to the registrar of patents in terms of section 6 (2) of the repealed law shall be deemed to have been supplied to the registrar in terms of subsection (2) of this section.

Trusts not registrable.

**11.** No notice of any trust, expressed, implied or constructive, shall be entered in the register or be receivable by the registrar.

Inspection of register.

**12.** (1) Subject to the provisions of this Act, the register or any document lodged at the patent office shall, on payment of the prescribed fees, be open to inspection by the public during the prescribed hours.

(2) The right of inspection conferred by subsection (1) shall not include the right to make copies of or take extracts from the register or any document referred to in that subsection by mechanical means: Provided that the registrar may, where owing to circumstances beyond his control copies of any document required in terms of section 13 cannot be furnished without undue delay, permit any person to make such copies by mechanical means.

Registrar to furnish information from register on request.

**13.** The registrar shall, on the request of any person and on payment of the prescribed fee, furnish copies of any documents lodged at the patent office and open to public inspection, or particulars from the register, or furnish a certificate in respect thereof.

Patent Journal.

**14.** The registrar shall arrange for the periodical publication of a patent journal which shall contain such details of the contents of all complete specifications accepted as may be required to indicate

nodig is om die aard en doel van die betrokke uitvindings aan te dui, en enige ander aangeleentheid wat die registrateur wenslik ag of wat daarin ingevolge hierdie Wet gepubliseer moet word, moet bevat.

## HOOFSTUK III

### BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN REGISTRATEUR EN KOMMISSARIS

Bevoegdhede van registrateur.

**15.** (1) Die registrateur kan, vir die doeleindes van hierdie Wet—

- *(a)* getuienis aanhoor en bepaal of en in hoeverre dit by wyse van beëdigde verklaring of *viva voce* onder eed gegee moet word;
- *(b)* koste toeken teen enige party by verrigtinge voor hom; en
- *(c)* koste aldus toegeken ooreenkomstig die voorgeskrewe tarief takseer:

Met dien verstande dat bedoelde toekenning en taksering aan hersiening deur die kommissaris onderworpe is.

(2) Betaling van koste aldus toegeken en getakseer en, indien hersien, soos aldus hersien, kan op dieselfde wyse afgedwing word asof dit koste was wat deur 'n regter van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika in 'n siviele geding toegeken was.

Uitoefening van diskresionêre bevoegdheid deur registrateur en kommissaris.

**16.** (1) Waar by hierdie Wet aan die registrateur of die kommissaris 'n diskresionêre bevoegdheid verleen word, oefen hy nie daardie bevoegdheid ten nadele van 'n aansoeker of beswaarmaker of iemand anders wat volgens die register blykbaar 'n belanghebbende is, uit nie, sonder dat hy (indien die aansoeker of beswaarmaker of ander belanghebbende dit verlang het, binne 'n tydperk vasgestel deur die registrateur of die kommissaris, na gelang van die geval) aan daardie aansoeker of beswaarmaker of belanghebbende 'n geleentheid gegee het om aangehoor te word.

(2) Waar by hierdie Wet 'n tydperk bepaal word waarbinne 'n handeling verrig of enigiets gedoen moet word, kan die registrateur of die kommissaris, na gelang van die geval, behalwe waar dit uitdruklik anders bepaal word, daardie tydperk voor of na die verstryking daarvan verleng.

Algemene bevoegdhede van kommissaris.

**17.** (1) In die algemeen het die kommissaris in verband met verrigtinge voor hom al die bevoegdhede en regsbevoegdheid wat 'n enkele regter het in 'n siviele aksie voor 'n provinsiale afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika wat regsbevoegdheid het by die plek waar die verrigtinge voor die kommissaris plaasvind, met inbegrip van die appèlbevoegdheid in artikel 75 bedoel.

(2) *(a)* Die kommissaris kan ook beveel dat 'n party by verrigtinge voor hom sekerheid ten genoeë van die kommissaris moet verstrek ten opsigte van koste wat in daardie verrigtinge teen hom toegeken mag word, en kan weier om toe te laat dat die verrigtinge voortgesit word totdat die sekerheid verstrek is.

*(b)* Wanneer hy dit oorweeg of die sekerheid verstrek behoort te word, kan die kommissaris die vooruitsigte op welslae of die goeie trou van so 'n party in ag neem.

(3) Koste deur die kommissaris toegeken, word deur die registrateur getakseer ooreenkomstig die voorgeskrewe tarief, en die taksering is aan hersiening deur die kommissaris onderworpe, en betaling van sodanige koste, soos aldus getakseer of, indien hersien, soos aldus hersien, kan op dieselfde wyse afgedwing word asof dit koste was wat deur die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika in 'n siviele geding toegeken was.

Verrigtinge voor kommissaris.

**18.** (1) Behalwe vir sover in hierdie Wet anders bepaal word, is geen ander regbank as die kommissaris regsbevoeg om in eerste instansie verrigtinge, uitgesonderd 'n strafregtelike geding, met betrekking tot 'n aangeleentheid kragtens hierdie Wet te verhoor en daaroor te beslis nie.

the nature and purpose of the relevant inventions, and any other matter which the registrar may consider desirable, or which shall be published therein in terms of this Act.

## CHAPTER III

## POWERS AND DUTIES OF REGISTRAR AND COMMISSIONER

Powers of registrar.

**15.** (1) The registrar may, for the purposes of this Act—

*(a)* receive evidence and determine whether and to what extent it shall be given by affidavit or *viva voce* upon oath;

*(b)* award costs against any party in any proceedings before him; and

*(c)* tax costs so awarded according to the prescribed tariff:

Provided that such award and taxation shall be subject to review by the commissioner.

(2) The payment of any costs so awarded and taxed and, if reviewed, as so reviewed, may be enforced in the same manner as if they were costs awarded by a judge of the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa in civil proceedings.

Exercise of discretionary power by registrar and commissioner.

**16.** (1) Whenever any discretionary power is conferred by this Act upon the registrar or the commissioner, he shall not exercise that power adversely to an applicant or an objector or other person who according to the register appears to be an interested party, without (if so required by the applicant or objector or other interested party within a time fixed by the registrar or the commissioner, as the case may be) giving that applicant or objector or interested party an opportunity of being heard.

(2) Whenever by this Act any time is specified within which any act or thing is to be done, the registrar or the commissioner, as the case may be, may, save where it is otherwise expressly provided, extend the time either before or after its expiry.

General powers of commissioner.

**17.** (1) Generally the commissioner shall in connection with any proceedings before him have all such powers and jurisdiction as a single judge has in a civil action before a provincial division of the Supreme Court of South Africa having jurisdiction at the place where the proceedings before the commissioner are held, including the appellate power referred to in section 75.

(2) *(a)* The commissioner may also order that any party to proceedings before him shall furnish security to the satisfaction of the commissioner in respect of any costs which may be awarded against such party in those proceedings, and may refuse, until such security has been furnished, to permit such proceedings to be continued.

*(b)* The commissioner may have regard to the prospects of success or the *bona fides* of any such party in considering whether such security should be furnished.

(3) Any costs awarded by the commissioner shall be taxed by the registrar according to the prescribed tariff and any such taxation shall be subject to review by the commissioner, and payment of such costs as so taxed or, if reviewed, as so reviewed, may be enforced in the same manner as if they were costs allowed by the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa in civil proceedings.

Proceedings before commissioner.

**18.** (1) Save as is otherwise provided in this Act, no tribunal other than the commissioner shall have jurisdiction in the first instance to hear and decide any proceedings, other than criminal proceedings, relating to any matter under this Act.

(2) Verrigtinge wat ingevolge hierdie Wet deur die kommissaris verhoor en waaroor deur hom aldus beslis moet word, word deur hom op die plek in Pretoria wat deur die registrateur aangewys word, verhoor en oor beslis: Met dien verstande dat, indien dit vir hom blyk dat die verrigtinge meer gerieflik of passend op 'n ander plek verhoor en oor beslis kan word, die kommissaris die verrigtinge op daardie ander plek kan verhoor en daaroor kan beslis.

(3) Indien gedurende die verhoor van verrigtinge voor die kommissaris, iemand die verrigtinge opsetlik onderbreek of die kommissaris of iemand wat by die verhoor aanwesig is, opsetlik beledig, of homself andersins by so 'n verhoor aan wangedrag skuldig maak, kan die kommissaris 'n bevel uitreik waarby so iemand tot gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand verwys word, of so iemand 'n boete van hoogstens R100 of by wanbetaling daarvan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand opgelê word.

Prosedure in verband met verrigtings voor kommissaris moet ooreenkomstig prosedure by Hooggeregshof wees.

**19.** (1) Behalwe vir sover in hierdie Wet anders bepaal word, moet die prosedure in verband met 'n geding voor die kommissaris sover doenlik in ooreenstemming wees met die reg wat die prosedure bepaal in siviele sake in die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, en by ontstentenis daarvan en waar geen betrokke voorsiening in hierdie Wet gemaak word nie, moet die kommissaris op die wyse en ooreenkomstig die beginsels handel wat hy die beste ag om geregtigheid in breë trekke te laat geskied en om aan die oogmerke en bepalings van hierdie Wet gevolg te gee en dit uit te voer.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 17 (3), het 'n beslissing of bevel van die kommissaris, met inbegrip van 'n bevel insake koste, dieselfde uitwerking en word dit vir alle doeleindes geag 'n beslissing of bevel van die Transvaalse Provinsiale Afdeling van die Hooggeregshof te wees.

(3) 'n Party by 'n geding voor die kommissaris kan persoonlik verskyn of deur 'n advokaat of 'n agent aldaar verteenwoordig word.

## HOOFSTUK IV

### PATENTAGENTE EN PATENTPROKUREURS

Kwalifikasies en registrasie van patentagente en patentprokureurs.

**20.** (1) Te eniger tyd binne vyf jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet, kan iemand wat in die Republiek woonagtig is, nadat hy die voorgeskrewe eksamen afgelê het en by betaling van die voorgeskrewe gelde aan die registrateur, deur hom as 'n patentagent geregistreer word.

(2) Iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens die herroepe wet as 'n patentagent geregistreer is of geag word geregistreer te wees, word geag as 'n patentagent kragtens hierdie Wet geregistreer te wees, en iemand wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet geregtig is om aldus geregistreer te word, is geregtig om aldus kragtens hierdie Wet geregistreer te word.

(3) Iemand wat geregtig is om as 'n prokureur in die Republiek te praktiseer, kan na aflegging van die voorgeskrewe eksamen en by betaling van die voorgeskrewe gelde aan die registrateur, deur hom as 'n patentprokureur geregistreer word.

(4) Iemand wat kragtens hierdie Wet as 'n patentagent geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees en wat geregtig is om as 'n prokureur in die Republiek te praktiseer, kan op aansoek en sonder betaling van enige gelde, deur die registrateur as 'n patentprokureur geregistreer word.

Patenteksamenraad.

**21.** (1) Daar word hierby 'n raad ingestel wat die Patenteksamenraad heet.

(2) Die raad bestaan uit—

*(a)* die registrateur van patente of iemand deur hom benoem, na gelang die Minister bepaal, wat die voorsitter is;

*(b)* minstens een persoon deur die prokureursordes benoem en deur die Minister aangestel;

(2) Any proceedings which in terms of this Act are to be heard and decided by the commissioner shall be heard and decided by him at such place in Pretoria as may be designated by the registrar: Provided that if it be made to appear to him that the proceedings may be more conveniently or fitly heard and decided in another place, the commissioner may hear and decide the proceedings in such other place.

(3) If, during the hearing of any proceedings before the commissioner, any person wilfully interrupts the proceedings or wilfully insults the commissioner or any person attending at such hearing, or otherwise misbehaves himself at the hearing, the commissioner may make an order committing that person to imprisonment for a period not exceeding one month or order that person to pay a fine not exceeding R100 or in default of payment thereof to be imprisoned for a period not exceeding one month.

Procedure in connection with proceedings before commissioner to be in accordance with Supreme Court procedure.

**19.** (1) Save as is otherwise provided in this Act, the procedure in connection with any proceedings before the commissioner shall, as far as practicable, be in accordance with the law governing procedure in civil cases in the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court of South Africa, and in default thereof and where no relevant provision is made in this Act, the commissioner shall act in such manner and on such principles as he may deem best fitted to do substantial justice and to give effect to and carry out the objects and provisions of this Act.

(2) Subject to the provisions of section 17 (3), any decision or order of the commissioner, including any order as to costs, shall have the same effect and shall for all purposes be deemed to be a decision or order of the Transvaal Provincial Division of the Supreme Court.

(3) A party to any proceedings before the commissioner may appear in person or be represented thereat by an advocate or an agent.

## CHAPTER IV

### PATENT AGENTS AND PATENT ATTORNEYS

Qualifications and registration of patent agents and patent attorneys.

**20.** (1) At any time within five years of the date of commencement of this Act, any person residing in the Republic may on passing the prescribed examination and on paying to the registrar the prescribed fee, be registered by him as a patent agent.

(2) Any person registered or deemed to be registered as a patent agent under the repealed law at the commencement of this Act, shall be deemed to have been registered as a patent agent under this Act, and any person entitled at the commencement of this Act to be so registered, shall be entitled to be so registered under this Act.

(3) Any person entitled to practise as an attorney in the Republic may, on passing the prescribed examination and on paying the prescribed fee to the registrar, be registered by him as a patent attorney.

(4) Any person registered or deemed to be registered as a patent agent under this Act and entitled to practise as an attorney may, on application and without the payment of any fee, be registered by the registrar as a patent attorney.

Patent Examination Board.

**21.** (1) There is hereby established a board to be called the Patent Examination Board.

(2) The board shall consist of—

*(a)* the registrar of patents or his nominee, as the Minister may determine, who shall be chairman;

*(b)* at least one person nominated by the law societies and appointed by the Minister;

(c) minstens een heeltydse lektor in die regte aan 'n universiteit, wat deur die Minister aangestel word;
(d) minstens twee persone benoem deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente en deur die Minister aangestel; en
(e) die ander persone wat die Minister aanstel.

(3) (a) Die raad kan—
(i) leerplanne van onderrig vir die voorgeskrewe eksamen in artikel 20 vermeld, voorskryf;
(ii) die minimum kwalifikasies wat van kandidate vir toelating tot daardie voorgeskrewe eksamen vereis word, voorskryf;
(iii) die tydperk van akademiese en praktiese onderrig wat so 'n kandidaat moet ondergaan, voorskryf;
(iv) vrystellings verleen aan sodanige kandidate ten opsigte van al of enige van die voorgeskrewe kursusse van onderrig uit hoofde van eksamens, in verband met sodanige kursusse met welslae afgelê, en wat gestel is deur 'n liggaam wat die raad erken;
(v) aan 'n eksamen deur 'n universiteit afgeneem, erkenning as die voorgeskrewe eksamen in artikel 20 vermeld, verleen;
(vi) in samewerking met 'n liggaam of persoon reël vir die opleiding, onderrig of toets van kandidate vermeld in subparagraaf (ii);
(vii) dissiplinêre reëls betreffende die gedrag, opleiding en onderrig van sodanige kandidate maak en voorsiening daarvoor maak om dit af te dwing;
(viii) die eksaminatore en moderators wat hy nodig ag, aanstel; en
(ix) enigiets anders doen wat volgens sy oordeel nodig of gerieflik is om aan die bepalings van hierdie artikel gevolg te gee,

en die raad moet—
(aa) die voorgeskrewe eksamen in artikel 20 vermeld, afneem; en
(bb) sertifikate aan persone wat die voorgeskrewe eksamen met welslae afgelê het, uitreik.

(b) 'n Aangeleentheid wat deur die raad kragtens paragraaf (a) voorgeskryf word, word deur hom in die joernaal gepubliseer.

(4) Die Minister kan met die instemming van die Minister van Finansies—
(a) die gelde betaalbaar deur kandidate vir die eksamen in artikel 20 vermeld;
(b) die gelde betaalbaar aan eksaminatore en moderators; en
(c) die besoldiging en toelaes betaalbaar aan lede van die raad,

bepaal.

Voorregte van prokureurs.

**22.** (1) Iemand wat geregtig is om as 'n prokureur te praktiseer, het gedurende 'n tydperk van vyf jaar vanaf die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet of die verdere tydperk van hoogstens vyf jaar wat die registrateur op aansoek aan hom gedoen op die voorgeskrewe wyse binne eersgenoemde tydperk van vyf jaar, na oorlegpleging met die prokureursorde waarvan so iemand 'n lid is en die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente, na goeddunke mag toelaat, dié regte om 'n party by 'n aangeleentheid of verrigtinge kragtens hierdie Wet te verteenwoordig, wat so iemand kragtens die herroepe wet gehad het om 'n party by 'n ooreenstemmende aangeleentheid of ooreenstemmende verrigtinge kragtens die herroepe wet te verteenwoordig.

(2) Na verstryking van genoemde tydperk het so iemand geen sodanige reg nie, tensy hy kragtens artikel 20 van hierdie Wet as patentagent of patentprokureur geregistreer is.

Skrapping van naam van patentagent of patentprokureur uit register en skorsing in beroep van patentagent of patentprokureur.

**23.** (1) (a) Die naam van iemand wat as 'n patentagent of patentprokureur kragtens artikel 20 geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees, kan na kennisgewing soos voorgeskryf aan die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente en die betrokke prokureursorde, as daar is, wat geregtig is om aangehoor te word, op eie versoek deur die registrateur uit die register van patentagente of patentprokureurs geskrap word.

(c) at least one full-time lecturer in law at a university, who shall be appointed by the Minister;
(d) at least two persons nominated by the South African Institute of Patent Agents and appointed by the Minister; and
(e) such other persons as the Minister may appoint.

(3) (a) The board may—
(i) prescribe the syllabuses of instruction for the prescribed examination mentioned in section 20;
(ii) prescribe the minimum qualifications required from candidates for admission to such prescribed examination;
(iii) prescribe the period of academic and practical instruction that any such candidate shall undergo;
(iv) grant exemptions to such candidates in respect of all or any of the prescribed courses of instruction by virtue of examinations passed in connection with such courses and set by any body recognized by the board;
(v) grant recognition as the prescribed examination mentioned in section 20, to any examination conducted by a university;
(vi) in co-operation with any body or person, arrange for the training, instruction or testing of candidates mentioned in subparagraph (ii);
(vii) make disciplinary rules regarding the behaviour, training and instruction of such candidates, and provide for the enforcement thereof;
(viii) appoint such examiners and moderators as it may consider necessary; and
(ix) do anything else that in its opinion is necessary or convenient for giving effect to the provisions of this section,

and the board shall—
(aa) conduct the prescribed examination mentioned in section 20; and
(bb) issue certificates to persons who have passed that prescribed examination.

(b) Any matter prescribed by the board under paragraph (a) shall be published by it in the journal.

(4) The Minister may with the concurrence of the Minister of Finance determine—
(a) the fees payable by candidates for the examination mentioned in section 20;
(b) the fees payable to examiners and moderators; and
(c) the remuneration and allowances payable to members of the board.

Privileges of attorneys.

**22.** (1) Any person entitled to practise as an attorney shall, during a period of five years as from the date of commencement of this Act or such further period not exceeding five years as the registrar, on application made to him in the prescribed manner within the first-mentioned period of five years, after consultation with the law society of which such person is a member and the South African Institute of Patent Agents may, in his discretion, allow, have such rights of representing a party to any matter or proceedings under this Act, as such a person had under the repealed law of representing a party to any corresponding matter or proceedings under the repealed law.

(2) After the expiry of the said period, any such person shall have no such right, unless he is registered as a patent agent or patent attorney under section 20 of this Act.

Removal of name of patent agent or patent attorney from register and suspension from practising as a patent attorney or patent agent.

**23.** (1) (a) The name of any person registered or deemed to be registered as a patent agent or patent attorney under section 20 may, after notice as prescribed to the South African Institute of Patent Agents and the law society concerned, if any, which shall be entitled to be heard, be removed, at his own request, by the registrar from the register of patent agents or patent attorneys.

(b) Die naam van iemand wat as 'n patentagent of patentprokureur kragtens artikel 20 geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees, kan op aansoek van—

(i) die registrateur, na kennisgewing soos voorgeskryf aan die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente en die betrokke prokureursorde, as daar is, wat geregtig is om aangehoor te word; of

(ii) die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente, na kennisgewing soos voorgeskryf aan die betrokke prokureursorde, as daar is, wat geregtig is om aangehoor te word,

deur die hof uit die register van patentagente of patentprokureurs geskrap word weens gedrag wat die hof voldoende ag om die skrapping te regverdig.

(2) Die naam van iemand wat as 'n patentprokureur kragtens artikel 20 geregistreer is, moet uit die register van patentprokureurs deur die registrateur geskrap word indien en vir solank as sy naam uit die rol van prokureurs geskrap word.

(3) Iemand wat as 'n patentprokureur kragtens artikel 20 geregistreer is, word geag in sy praktyk as patentprokureur geskors te wees indien en vir solank as hy in sy praktyk as prokureur geskors word.

(4) Die hof kan op aansoek van—

(a) die registrateur, na kennisgewing soos voorgeskryf aan die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente en die betrokke prokureursorde, as daar is, wat geregtig is om aangehoor te word; of

(b) die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente, na kennisgewing soos voorgeskryf aan die betrokke prokureursorde, as daar is, wat geregtig is om aangehoor te word,

iemand wat as 'n patentagent of patentprokureur kragtens artikel 20 geregistreer is of geag word aldus geregistreer te wees, vir 'n bepaalde tydperk in sy praktyk as 'n patentagent of patentprokureur skors, indien die hof oortuig is dat hy nie 'n geskikte persoon is om voort te gaan om as 'n patentagent of patentprokureur, na gelang van die geval, te praktiseer nie.

(5) Indien in verrigtinge ingevolge subartikel (1) *(b)* of (4) die hof oortuig is dat die tersaaklike gedrag van die betrokke patentagent of patentprokureur nie die skrapping van sy naam uit die register van patentagente of patentprokureurs of sy skorsing in sy praktyk regverdig nie, kan die hof hom berispe, of 'n bevel uitreik waarby hy 'n boete van hoogstens R1 000 opgelê word.

(6) Behoudens die bepalings van subartikel (2), op aansoek by die hof om die terugplasing op die register van patentagente of patentprokureurs van 'n naam wat daaruit geskrap is, en na kennisgewing soos voorgeskryf aan die registrateur, die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente en die betrokke prokureursorde, as daar is, wat geregtig is om aangehoor te word, kan die naam op die voorwaardes wat die hof bepaal op die register teruggeplaas word.

(7) Die griffier van die hof wat 'n bevel kragtens hierdie artikel uitreik, stuur 'n afskrif van daardie bevel aan die registrateur, wat dit in die joernaal publiseer.

(8) Wanneer die registrateur 'n aansoek ingevolge hierdie artikel doen, moet hy minstens een maand voor die datum van die aansoek aan die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente en aan die betrokke prokureursorde, as daar is, 'n afskrif van die aansoek, tesame met afskrifte van alle stukke daarin bedoel of wat daarmee in verband staan, voorlê, en wanneer die Suid-Afrikaanse Instituut van Patentagente sodanige aansoek doen, moet hy insgelyks sodanige afskrif en afskrifte aan die betrokke prokureursorde, as daar is, voorlê.

